Ges. 2:2 I **Onse Vader wat in die hemele is** K/Auk. 4 Febr. 62

Ges. 69:2.
" 11:6 Matt. 6: 5-9

Matt. 6:9 – Onse Vader wat in die hemele is.

So begin die bekendste en mees gebede gebed van alle tye: Die Onse Vader. Duisende mense ken die Bybel swak of sleg wat die O.V. goed ken. Milj. kinders is daar wat elke jaar in elke wêr. deel in elke denkbare taal die O.V. leer.

Leer ja – dit het ons almal gedoen. Maar bid? Daar is 2 maniere om met die O.V. om te gaan: ① uit die kop opsê – prout & glad & vinnig. Soms dit haastig aframmel, ja, dit mishandel! Nee is dié gebed deur die eeue heen nie gemartel nie! Deur dit te maak tot formele gebedjie, tradisiebede, vormgebed sonder siel & sonder sin. ② Met die hart bid. Wie die O.V. wil bid moet sy hele siel daarin lê, sy hele wese daarin oorgee. Hy moet homself verdiep & verloor in elke woord, in elke sin.

Daarvoor is tyd nodig: om rustig en stil te word voor God sodat die H. Gees self kan oorneem en u begin ondersoek. Druk dan elke bede deur, peins daaroor en toets dit aan u eie lewe. Ek wil u waarsku: u gaan baie gou kom by 'n punt (miskien al by die eerste woord) waarteen u eie hart hom gaan verset. U gaan in opstand kom deur die onwil van u eie hart. Weet dan: die O.V. is 'n onfeilbare toetssteen vir u innerlike lewe. As u vashaak of teëskop bly worstel met daardie waarheid totdat u kan sê: Goddank, nou kan ek dit uit d. diepte van my hart bid. So nie, sê dan reguit vir die Here: "Ek is jammer, gee my 'n ander gebed of anders hou ek op met bid!"

Die Opbou van die O.V.: Voor ons met die inhoud v.d. 7 bede begin wil ons afop wys dat die O.V. 'n pragtige patroon volg, dat daar 'n sierlike orde en logiese gedagtegang in voorkom as bewys dat God ook in ons gebede orde soek en dat slordigheid in ons gebed (nes in ons werkskamer of kleinkas) verhoed en verbeter kan word. So merk ons dat eers die inleiding kom: „Onse Vader . . . hemele is". Dan volg daar 3 bedes waarin God voorop gestel word: U Naam – U ryk – U wil. Dan 3 bedes waarin d. mens se behoeftes genoem word: Ons brood – ons skuld – ons versoeking. En dan as slot die liefdelike lofsang, die doksologie wat soos d. laaste klanke v. 'n orrel wegsterwe binne d. mure van 'n katedraal. 'n Kort gebed, 'n eenvoudige gebed, verhewe skoon juis in sy eenvoud.

Laat ons nou die woorde v.d. inleiding oorweeg.

„Onse": Die eerste wd. v.d. gebed is al klaar vir ons 'n verrassing, 'n skok. Het Xtus dan nie net vantevore gesê dat as jy wil bid jy alle ander mense moet uitsluit, jouself in jou binnekamer moet toesluit en dat jou gebed dan is 'n persoonlike, intieme gesprek tussen my as persoon en my Vader? Is Onse dan nie verkeerd nie? Dit moet mos MY Vader wees! Dis tog ek wat met God praat - - - .

Het u opgelet dat daar een woord nie in d. O.V. voorkom nie: ek, my. Weet u waarom? Wie die O.V. bid, bid in seker sin homself dood – al sy selfsug, sy eiewil, sy valse trots, eie-ekkigheid. God wil ons v.d. begin af leer dat ons grootste gevaar en vyand is onsself, dat ons altyd eerste sal



wil bid vir my gesondheid, my geluk, my gesin, my smart, my sorge, my sonde. Christus wil ons leer dat ons ons altyd God vir onsself wil opeis. En nou sê Hy vir ons met hd. eerste woord: God behoort nie aan u nie – Hy behoort aan almal. Daarom moet u leer om Onse te sê: want daarmee sê u ook: Here, ek sien dat u my wil leer dat daar ander mense langs my kniel en as ek weier om saam met hulle te kniel wat in opregtheid ook onse wil sê, dan is daar fout! Die een woord Onse, maak ons broers en susters van mekaar en van almal wat ook dit wil bid!

„Vader": Maar die Onse kry eers sy juiste en volle betekenis as ons dit stel langs die oneindige ryke woord: Vader. In die O.T. was dit net by hoë uitsondering, en dan ook net deur sekere mense soos Dawid, Elia en Jesaja, dat van God as Vader gepraat is. Dis egter eers J.X. wat God vir ons verstaanbaar kan maak, God as 't ware in ons hart indra as Hy ons leer om God aan te spreek en aan te roep as Vader. Het u al ooit gedink hoeveel armer, moeiliker en ingewikkelder u eie gebedslewe sou wees as Xtus ons nooit geleer het om God te ken en aan te roep as Vader?

Maar dan moet ons nooit vergeet dat ons God as Vader alleen kan leer ken en liefkry in en deur Jesus Christus, sy Seun. Buite Christus is God as Vader 'n bloot menslike, mooi maar valse humanistiese begrip. Buite Christus is God óf totaal ver, vreemd & verhewe sodat ons Hom nooit kan benader óf Hy word 'n goedkoop Vader wat alles en almal oppervlakkig liefhet en gesellig met hulle omgaan.

Nee: God is die Ewige, die geheel Andere, die Onuitspreklike, die Onbereikbare. Net God self kan sê wie Hy is en Hy doen dit deur Jesus as dié se Vader! En dan sê Hy: liefde, sorg, trou, vergewing, kastyding „wat in die hemele is" Hierdie woorde bevestig net wat ek hier gesê het – dat Christus ons wil help om groot van God te dink, om God te erken in sy majesteit en heerlikheid, in sy ewigheid en onbegryplikheid. Wie dié woorde bid sê daarmee: Here God, ek wil nie met mensehande U van U troon onttrek nie, ek wil u nie indruk in my eie kleinlike siening van God nie – ek wil groot dink van u liefde, U sorg, U vergifnis, U genade, U trou, U krag! O God, vergewe my die kleinlikheid van my eie siel!

Dan ook is dit meervoud: hemele – omdat God troon bo alle sterre en sonnestelsels, bo die een hemel soos ons dit verstaan; die groot heelal is sy gebied! Nie my eie hemeltjie wat ek skep!

→ Ek wil sluit deur te vra: Kan u dit bid? Onse – sonder om 'n enkele medemens uit u hart uit te sluit? Vader – omdat u Christus persoonlik ontmoet het as die Een wat u na die Vader gelei het? Wat in die hemele is – waardeur u God in al sy grootheid erken, en dus u eie kleinheid en sondigheid bely? Sodat God 'n kans kry om van voor af u lewe te bou? Kan u dit bid? Wil u dit bid?